



TOULEIER



Verpligte ruspunte langs die pad dalk die antwoord?

Indien jy nie die Laslappie wat ek laas week uitgestuur het gelees het nie, raai ek aan jy maak so, anders gaan jy voel soos daai seekoetjie in die destydse Chomp advertensie waar hy die ding nooit gehad kry nie.

Die rede is dat ons Hoofstuk 2 van *Die Manne van Malmesbury* van Laslappie, in dié week se Agteros plaas. Terugvoer tot dusver is dat vervolghere in orde is solank 'n mens nie te lank moet wag vir die volgende episode nie. Behalwe vir mense soos Marie Sweetnam van Kleinmond, wat glad nie die wroeging van wag wil ervaar nie.

Verder hoor ek laas week oor RSG dat Duskantland se Slaapstad die tiende plek gehaal het as een van die top tien stede van die wêreld. Ek wonder toe waar hulle aan die lys kom en waarop dit gebaseer is. Ek Google toe bietjie rond en vind vele lysies. Maar soek soos ek wil, Kaapstad maak nie eens die top twintig op enige lys nie!

Die ranglys wat vir my die meeste sin maak is die een van MasterCard wat die top 10 stede kies na aanleiding van die aantal besoekers en hul besteding. Volgens hulle is die lys: Londen – Parys – Bangkok – Singapoer – Istanboel – Hongkong – Madrid – Doebai – Frankfurt – en Kuala Lumpur. 'n Hele vyf van hulle is in Europa, nie een in Afrika of Suid-Amerika nie.

My eie gat se deksel is dat ek en Kamermaatjie al in agt van die tien stede op die lys was en dat die enigste twee waar ons nog nie was nie sommer hier by ons is (Doebai en Istanboel). Ons sal 'n plan moet maak en hulle op die emmerlys sit.

Voordele van verpligte wagpunte

En van rondrits gepraat, op ons onlangse besoek aan Duskantland word ons toe weer vertraag by daardie alomteenwoordige stop/ry punte op die N1 tussen Beaufort Wes en ons bestemming op Richmond.

So met die sit en wag wonder ek toe aan die halfvol kant van die glas of dit nie 'n goeie ding is nie. Hierdie wagpunte op die nasionale pad. Ná deeglike nabetraging is ek nou oortuig ons moet meer van die goed bou op Duskantland se paaie! Wat seg julle?

Kom ons kyk bietjie met 'n blinknuwe bril na die situasie. Gestel hulle bou elke 200km of so 'n permanente wag-'n-bietjie punt. Nou word jy gedwing om elke twee ure bietjie stil te hou. Ek sien minstens twee belangrike voordele:

1. Die bestuurder kry kans om bietjie bene te rek en uit te vars. Nou is daar minder vaak en gevaarlike bestuurders op die pad.
2. Die ander belangrike voordeel is dat al die vragmotors (soos nou ook) uitgekeer word in een laan en gewone karre in 'n ander. Met die nuwe wegspring is daar dus min of geen groot gevaartes wat jy vorentoe moet verby te steek nie. Baie veiliger nê?

Ek is seker dat veral in die areas waar hulle tans padwerke het, is daar baie minder ongelukke. Voeg hierby nog dat mens ook ruskamers en selfs restaurante kan oprig (Nuwe Ultra Cities?) en ons sit met 'n nuwe wending en gewoonte op ons lang paaie. Met so 'n bietjie beplanning van die rit gaan hierdie ekstra halfuurtjie nie eers opgemerk word nie.

Hulle kan sommer begin deur my eerste twee wag-'n-bietjie punte te bou, die een anderkant Laingsburg en die ander een in die Vrystaat daar naby Tweespruit. Daar waar daardie twee SANRA Kanniedood areas is met die dreunstrepe wat jou tans probeer wakker skud as jy begin kopknik soos 'n soos 'n poliesman aan 'n vislyn.

Of droom ek nou drome van omkyktwak?

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

2+2 = VIS
3+3 = AGT
7+7 = DRIEHOEK
Deel dit met iemand as
jy verstaan – of kyk
agteraan Agteros

Gedink jy weet alles?

- * 'n Kat het 32 spiere in elke oor.
- * 'n Krokodil kan nie sy tong uitsteek nie.
- * 'n Goudvis se geheue is net 3 sekondes lank. (Ek ken mense met dieselfde aandagspan.)
- * 'n Haai is die enigste vis wat albei sy oë kan knip. (Seker sodat hy nie sien hoe jy lyk voor hy jou opvreet nie.)
- * 'n Slak kan vir 3 jaar slaap. (Ek wens ek was 'n slak.)
- * 'n Volstruis se oë is groter as sy brein. (Ek ken mense met dieselfde probleem.)
- * 'n Kat beskik oor meer as 100 vokale klanke. 'n Hond het net 10. (Dis hoekom ek nie 'n kat het nie.)



Skotse gesegdes

- 'n Gewillige perd word altyd dood-gewerk.
- 'n Wilde gans kan nie mak eiers lê nie.
- Gee 'n bedelaar 'n bed en erf sy luise.
- Groot ore en klein tongetjies is altyd die beste.
- 'n Allemansvriend is niemand se vriend nie.
- Skotte het 'n humorsin - omdat dit gratis is.
- Hou liever die duivel uit as wat jy hom moet uitgooi.
- Dis maklik om 'n kaal kop te skeer.
- Die slegste koei in die stal bulk die hardste.

Darwin-pryse [1]

Die sjef van 'n Switserse hotel het 'n vinger in 'n ongeluk in die vleismasjien verloor, so 'n bietjie rondgesoek na 'n versekeringsaatskappy en sy eis ingedien.

Die versekeraars het agtelosigheid vermoed en iemand gestuur om ondersoek in te stel. Hy het ook met die masjien gewerk en 'n vinger verloor.

Die sjef se eis is uitbetaal.

VERLANGE NA SA

Gehoor van die ou wat in Londen gekuier het, toe loop hy by 'n kar verby met 'n bufferplakker I MISS SOUTH AFRICA. Nie links nie gooi hy toe een van die kar se ruite met 'n baksteen stukkend, en los 'n nota vir die bestuurder:
I HOPE THIS MAKES YOU FEEL MUCH BETTER.

Suid-Afrika se ware, onverkorte geskiedenis - soos gesien deur Zapiro



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Die leuenverklikker

FIKSIE

Die hoof van die huisgesin kom een aand huis toe met 'n wonderlike elektroniese leuenverklikker.

Hy verduidelik toe aan sy gesinslede hoe moeg hy is vir al hulle leuens. Van nou af gaan ons net die waarheid met mekaar praat, het hy gesê, en verduidelik die instrument maak 'n luide toet elke keer as iemand lieg.

"Jannie," sê hy vir sy seun, "hoekom was jy gisteraand so laat uit?"

"Ek was by Piet se huis en ons het huiswerk gedoen."

"TOET!" sê die instrument.

"Oukei, ons het 'n fliet gekyk."

"Watter soort fliet?"

"Ag, net 'n strokiesprent vir kinders."

"TOET!"

"Ag oukei, dit was pornografie."

"Dis skokkend!" sê die pa. "In my dae sou ons nie eens daaraan gedink het om so iets te doen nie!"

"TOET!"

"Haha!" sê die man se vrou al laggende. "Daar kan geen twyfel wees wie se kind Jannie is nie!"

"TOET!" sê die instrument.

Kaapse boer se slim plan

FEIT

'n KAAPSE boer hoef nie meer sy skape in die nag te tel nie - hy het nou 'n opsporingsmeganisme om hul nekke geplaas wat alarm maak as hulle gesteel word.

Erard Louw van Durbanville het onlangs 27 skape en 13 lammers aan diewe verloor. Hy het die toestel nou aan vier skape in verskillende kuddes gekoppel wat afgaan sodra hulle hardloop, wat gewoonlik die teken van diefstal is of deur 'n draad glip.

"As hulle hardloop, kry ek 'n oproep wat sê 'skaap een' of 'skaap twee', so ek weet minstens waar op die plaas van 750 ha om te soek."

Sy stelsel het al tot die aankeer van een dief gelei. Die baie reën wis spore uit en die lang nagte maak dit ook vir diewe makliker.

Student sluk kamersleutel in

FEIT

'N BRITSE student het sy deursleutel ingesluk toe sy vriende hom kamerwaarts gedwing het omdat hy op 'n huispartytjie dronk was. Hy het op 'n vriend se sofa aan die slaap geraak, en kon die volgende oggend nie sy kamersleutel vind nie.

'n Besoek aan die hospitaal en X-strale het dit bevestig dat die sleutel in sy maag is, en selfs die dokters het gegiggel. Die sleutel het die volgende dag sy verskyning op die normale manier gemaak.

Patrone was op

FEIT

IN Polk County, Florida, het 'n lieplapper in 'n roetine padblokkade die beampte wat hom afgetrek het, agt keer op 'n kort afstand geskiet. Nog 'n beampte is gewond en 'n polisie hond is doodgeskiet. 'n Massiewe soektog is na die skuldige op tou gesit en hy is vasgetrek waar hy met sy wapen geskuil het. Hy is 68 keer geskiet. Die media wou weet hoekom 68 keer.

Sheriff Grady Judd se klassieke antwoord aan die *Orlando Sentinel* se verslaggewer was: "Ons het nie meer patrone gehad nie."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



KLEURBLIND

Die ou word deur die spietkop afgetrek.

"Hoekom het jy deur daardie rooi lig gery?"

"skuus, Inspekteur, maar ek is kleurblind, vra maar my meisie."

Die spietkop stap om die kar:

"Juffrou, is dit waar dat jou boyfriend kleurblind is?"

"Ja, Baas, hy ês . . ."

(Van Johann Mostert.)

ONDERHOUDSGELD

Gatiep se seun word die dag 18 en hy gaan haal al vandat hy sewe jaar oud is sy onderhoudsgeld by sy pa.

Toe hy daar kom sê sy pa vir hom: "Djy is nou 18. Djy moet aseblief vir djou sê dat ek het nou klaar vir djou support betaal het. Dan kyk djy hoe drop ha' gesig."

Hy kom toe by sy ma en sê: "Pa se ek moet vir djou sê hy gaan nie meer betaal nie want ek is nou 18, en dan moet ek kyk hoe drop djou gesig."

Die ma antwoord toe: "Man, loop sê djy vir dai sleg tjoep hy is nie eers djou regte pa nie! Dan sien djy hoe drop sý gesig!"

MAAK 'N PLAN!

Na aanleiding van die skokkende berig dat ons polisiemag net een derde van die foonoproep beantwoord, vertel oom Johnny hy hoor dié week van 'n radelose vrou wat die polisie vir die honderdste keer bel en toe uiteindelik deurkom.

Uitasem vertel sy hulle van haar dilemma. Sy het haar man vyf dae gelede gestuur om te gaan uie en aartappels koop en hy is nog nie terug nie.

Ná 'n wyle se stilte kom 'n stem van die ander kant af: "Eish, ma'm, but why don't you cook something else?"

TOUSTAAN

"Wel," grom die sammajoor vir die rofie, "as jy klaar is met die weermag sal jy seker nie kan wag om op my graf te pie nie."

"Nee, sammajoor," antwoord die kêrel, " ek gaan nooit weer in 'n lang tou staan nie."

KLEIN WÊRELDJIE

Ou Mike is besig om 'n blokkies-raaisel in te vul.

Mike: "Kallie, wat is 'n vierletterwoord vir 'n vroulike orgaan?"

Kallie: "Is dit dwars of af?"

REGTE NAAM

Die ouma en haar kleinseun doen inkopies. By die kassier vererg die ouma haar vir die seun en skree op hom:

"Diploma, gaan sit terug die lekkergoed en bring die suiker!"

Verward kyk die kassier na die ouma en vra:

"Is sy naam regtig Diploma?"

"Ja," sê die ouma. "Ek het my dogter kollege toe gestuur, en dit is waarmee sy teruggekom het!"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Duskantlanders in Anderkantland

Miss Moer kry toe uiteindelik 'n man

Deur **WILLEM LIEBENBERG**

Ons eerste kennismaking met Miss Moer was telefonies. Die ongeskikte stemtoon wat jou begroet as jy jou nuwe werkplek bel, het geklink soos dié van 'n suur oujongnooi.

Ons was op pad van Yancheng na Guangzhou en sy was die skakelbeampte by die universiteit. Die Engels nie heeltemal wat dit moet wees nie, veral nie as jy die *Foreigners* se Official Affairs Officer is en hulle sake moet hanteer nie, maar nou ja . . . Aan haar stemtoon het ek het haar so in haar laat dertigs geskat. Nie moer oud nie, ook glad nie meer moer jonk nie.

Ons het agtien bokse laat aanstuur van Yancheng en Moer gevra om toe te sien dat dit na ons woonstel geneem word, min wetende dat die woonstel op die 5de vloer is met geen hysbak binne die naaste tien seemyl nie! Seker dié dat sy so die moer in geklink het. Sy het ons toe sommer 200 yuan laat betaal vir die werkie! Ek glo nou sy het dit deur studente laat doen en sonder betaling.

Ons sou miss Moer Wu eers vyf dae later ontmoet. Wat 'n moerse verrassing! Sy was maar 22 jaar oud, nie in haar dertigs nie. Mej Moer het hier by dieselfde universiteit 'n regsgraad geswot en het vanweë familiekonneksies die pos gekry. Ons glo sy het elke oomblik daarvan gehaat, maar dit was haar kans om dalk 'n *foreigner* te ontmoet!

Moer het ons met die nodige respek en eerbied behandel en 'n redelike nou paadjie saam met ons bewandel - my vrou, Mies, glo dit was om te sien of daar nie dalk 'n krakie in die huwelik te bespeur is nie en sy sou dan dadelik die nodige troos gebied het want sien, Moer was op soek na 'n man!

David, die Amerikaner, het ongelukkig vir hom reeds 'n Chinese meisie gehad en was dus nie beskikbaar nie.

Moer het hom met minagting behandel en hom selfs in sy moer Amerika toe gestuur om sy visum te henu! David kan steeds nie die naam Moer hoor sonder om briesend te begin skel nie.

Gelukkig was ek en Mies nog "onder waarneming" en sy wou nie haar kanse benadeel nie. Alles het altyd reg vir ons verloop! Vir ons was elke moertjie en boutjie altyd op sy plek. Die ander buitelanders was getroud nie troumateriaal nie en Moer het al suurder en die moer in geword en al hoe minder geglimlag! Een aand, terwyl sy so aan haar moerkoffie teug, het sy ons trots vertel dat haar direkte hoof en grootkop in die struktuur vir haar gesê het dat sy baie slim is maar nog baie luier is as wat sy slim is!

Sy is toe ook kort daarna onthef van haar pos. Moer het egter vriende met ons gebly, natuurlik hopende . . .

Dit is toe dat haar ouers ingryp en 'n outjie van haar dorpie nader hark. Sy was heel geneë totdat sy gehoor het hy is 'n drywer! Dit is 'n werk wat jou elke maand geld in die sak bring, maar jy hoef nie geleerdheid te hê nie en sy was iemand met 'n regsgraad! Dit het nie lank gehou nie en Moer was suurder as tevore!

Die ouers gryp toe gelukkig weer in en reël met 'n ander ouerpaar dat Moer gereed is vir 'n huwelik en dat sy hulle seun, wat 'n suurgat bewaarder is en baie hoër status as 'n drywer het, weer sal leer glimlag! Die ander ouerpaar het ingestem en toe word daar naarstiglik beplan vir na 'n geskikte troudatum.

Die Sjinese raadpleeg mos die maan, en volgens die Lunar Kalender, is daar sekere tye wanneer jy moer gelukkig gaan wees as jy dan die knoop deurhak.

Die moerse gelukkige dag was toe so twee maande gelede en onse Moer is toe eindelijk in die huwelik bevestig. Die lisensie kos maar 9 yuan en dit vind sommer in die plaaslike Wedding Administration se kantoor plaas.

Die onthaal waarna almal toe genooi word, geskied eers later en sal nou ongelukkig plaasvind as ons reeds vertrek het.

Ons wens haar moerse liefde en voorspoed toe, maar ai, of sy met daai suur en die moer in houding van haar haar tronkbewaarder ooit gaan laat smaail weet nugter!



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Die dominee se groot geskenk

Deur DAVE

EEN namidag op 'n yskoue Oudtshoorn was ons bataljon besig met 'n strafdril omdat een of ander troep aangejaag het. Daar kom toe so rooisnor stafsersant oor die paradegrond aangestorm, fluister iets in die korporaal se oor, en ek word uitgeroep. (Julle sal onthou dat jy nie in daai tyd ooit simpatiek aangespreek is nie, behalwe as die dood intree).

Ek kap flink en senuagtig hakke, en die instrukteur vra dat ek saam met staf Snorre moet gaan. Nou moet ek bysê, toe ek omdraai, tik (of was dit klap?) hy my simpatiek op die skouer en sê hy is "met my" en "bid vir my".

Senuagtig volg ek die staf in die rigting van die kantien. Daar gekom, stel hy my voor en los my by die dominee van die Anglikaanse Kerk op Oudtshoorn. Teen hierdie tyd was my hartklop duidelik in 'n ritme van sy eie – hoe nou anders as die dominee jou persoonlik kom sien en nog boonop vir jou 'n Coke en 'n Caravan-stafie koop.

Hy vra dat ons op die bankies loop sit en vra uit na my "moraal en welstand" (natuurlik die stropies voor die gif, dink ek.) Ons gesels oor ditjies en datjies en uiteindelik draai hy om en oorhandig 'n pakkie aan my, so half terloops.

"Voor ek vergeet" sê hy, "jou ma het my vrou geskakel. Sy het gehoor hoe koud dit op Oudtshoorn word en was bekommerd dat jy sal koud kry. Die tannies van die vrouevereniging het toe koppe bymekaar gesit en stuur dié persentjie." Met dié groet hy sommer en vertrek.

Effe uit die veld geslaan val ek toe weer by die strafparade in. Drie van die korporaals kom nader -- dit was beslis die eerste en laaste sagte uitdrukking ooit op hul bakkies. My pelle besluit om aan te sluit en uit te vis wat aangaan. Dit moes een of ander tyd uit. Een korporaal gryp die pakkie en ek weet die ergste is nog nie verby nie.

Oop met die pakkie, en uit kom die vyf pare sykouse, nogal van die dik, swart en voetlose soort. Die hele paradegrond het gebrul van die lag en ek moes tot laat in die nag opstote doen!

Maar kom ek vertel julle: daai einste sykouse was die mees praktiese weermag-uitrusting wat ek ooit gedra het! Ideaal in die nag en koue winteroggende. As die son uitkom was dit maklik om uit te trek en sommer in die webbing te bêre.

Dit was ook nie lank nie of die ouens laat weet die familie moet stuur! Iewers in my laai is 'n foto van ons groep: Ouens uitgerus met staaldak, webband, geweer en noupassende, swart sykouse!



NOG 'N LANG DAG . . .

Gedurende die Boereoorlog bevind 'n boer en sy seun hulle in dieselfde loopgraaf.

Die seun vra: "Pa, hoeveel manne is ons?"

Pa sê: "So 50".

Seun: "Hoeveel Ingelse is daar?"

Pa: "So 10 000".

Daar is 'n ruk lank stilte.

Toe sug die seun en vra: "Beteken dit ons gaan vandag weer baie laat klaarmaak?"



Die Boesmans soek hout vir die winter

Dit is April en die Boesmans in die Kalahari vra hul nuwe stamhoof, Spaarwater Kruiper, of dit hierdie winter matig of koud gaan wees.

Omdat hy in meer moderne tye die stamhoof is het hy nooit die ou geheime geleer nie. Wanneer hy die lug bestudeer, kon hy nie voorspel hoe die winter gaan wees nie.

Nieteenstaande het hy besluit om dit veilig te speel en hy verklaar dat dit 'n koue winter gaan wees en hulle moet begin brandhout bymekaar maak ter voorbereiding.

Hy is egter 'n praktiese man en ná 'n paar dae kry hy 'n plan. Hy stap na 'n publieke telefoon by die nasionale pad, skakel die weerburo en vra: "Gaan die komende winter koud wees in die Kalahari?"

"Ja dit lyk so," bevestig die een wat geantwoord het.

Hy gaan terug na die stam en gee instruksie dat hulle nog meer hout bymekaar moet maak.

'n Week later skakel hy weer die weerburo.

"Lyk dit steeds na 'n baie koue winter?" vra hy

"Ja, dit gaan baie koud wees," kom die antwoord.

Hy gaan terug en beveel hulle om elke stukkie hout wat hulle kan vind, op te tel.

Ná twee weke skakel hy weer.

"Is julle heeltemal seker dat dit baie koud gaan wees?" vra hy

"Absoluut" kom die antwoord, "dit lyk al hoe meer of dit een van die koudste winters ooit gaan wees."

"Wat maak julle so seker?"

"Ons satellietfoto's wys die Boesmans maak vreeslik baie hout bymekaar, en hulle is nooit verkeerd nie!"

Hoekom hul kinders ITALIANERS se handwapens erf

Die ou Italiaanse man was op sy sterfbed, en roep sy kleinseun bed toe.

"Guido, oupa wille hê jy moete nou moi luister. Jy vat my .38 rewolwer sodat jy altyd jou oupa salle onthou."

"Maare oupa, Guido hy hou niks van wapens nie, los liever jou Rolex-horlosie virre my."

"Jy luister vir jou oupa, Guido. Eendag jy gaan die besigheid bestuur, jy gaan hê die baie mooi vrou, die baie geld, 'n groot huis en baie bambino's. Jy gaan by die huis inloop en jou vrou sy's inne die bed met 'n ander man. Inne die bed met 'n ander man.

"Wat jy gaan doen met die Rolex, Guido? Gaan jy die hoslosie vir hom wys en sê: 'Jou tyd is op?'"

**Ons sal
VRIENDE
wees tot ons
oud en
seniel is.
Dan sal ons
NUWE
VRIENDE
wees.**

LAASTE WENS

Jan lê op sy sterfbed en sy vir Sarie hy het een laaste versoek: Sy moet oor ses maande met Herman trou.

Sarie: "Ek sal so maak, maar hoekom met Herman? Ek dog jy haat hom?"

Jan: "Presies." En daarmee blaas hy sy laaste asem uit.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

STAATMAKER MADEIRA-KOEK

1 k koekmeel	1 k strooisuiker
1 k margarine	1 gelykvol t bakpoeier
½ t vanilla	Knippie sout
Bietjie melk indien nodig	5 groot eiers

METODE

Klop Margarine en suiker tot lig en donsig. Klop eiers dan een vir een daarby in. Roer geursel by. Sif droë bestanddele tesame en sif geleidelik by eerste mengsel in. Roer bietjie melk by indien nodig as die beslag te styf is. Moet redelike stywe beslag wees.

Giet in gesmeerde broodpan en bak in matige oond (350 °F of 180 °C) vir sowat 40 minute. Keer uit op draadrak en laat afkoel. Sif ligte lagie droë versiersuiker oor papier doilie bo-oor vir versiering. Bêre in lugdigte koekblik.

STAMBOOM

AGGENBACH mceldk@gmail.com

Ek is 'n direkte afstammeling van die Aggenbach-stamvader in Suid-Afrika, Carel Aggenbach. Ek doen gedetailleerde navorsing oor alle Aggenbach-afstammelinge in Suid-Afrika.

BARNARD glertelkomsa.net

Ek is getroud met Gerdia Jacoba Barnard gebore 21/08/1945 te Blanco, George en verlang alle inligting oor my stamboom. My vader was Charles William Barnard.

BRONKHORST Johannesbr@tshwane.gov.za

Barend Jacobus Bronkhorst *24/04/1888 +16/02/1949. Magrieta Magdalena Sophia(Coetzee) *29/06/1888 +23/11/956. Ouers of broers van Bronkhorst, Krugersdorp.

COOMBS elsabevanstaden@yahoo.com

Wil meer inligting bekom oor die eerste twee Coombs-broers wat in Grahamstad gebly het en die Coombsvallei begin en verder in die land gevestig het. Van die nasate het hulle in Bethulie hul gevestig, waar ek gebore is en grootgeword het. My vader is William Murray Coombs. My oupa was Daniel Johannes Coombs. My oupagrootjie was ook William Murray Coombs. Almal het in Bethulie gebly maar ek probeer die familie voor oupagrootjie navors.

ENGELBRECHT lappiesgoeters@gmail.com

Hierdie dame is baie belangrik in die ondersoek na die Engelbrecht familie. Gebore 1937. Klerksdorp of Britz omgewing in 1960.

MOOLMAN moolman@inmail24.com

VAN NIEKERK gfvanniekerk@telkomsa.net

THEUNS SE LEEU-STORIE

THEUNS vertel hoe hy en sy broers as jong seuns dikwels saam met hul pa op die plaas in die veld was. By 'n paar geleenthede het hulle ook buite oornag. Hulle het een aand weer so om die vuurtjie gesit en luister hoe die jakkalse skree.

"Ja," seg sy pa, "nou is hier net jakkalse oor. In my dae was die leeus sommer nog volop."

Theuns sê hulle het later jare ontdek dat dit sommer 'n kluitjie was, maar dié aand het hulle hom nog geglo.

"En pa," vra Theuns, "wat moet 'n mens doen as jy 'n leeu in die veld teëkom?"

"Daar is net een ding wat jy kan doen," seg sy pa. "Jy trek jou broek en jou onderbroek uit, loop staan handeviervoet en stap dan agteruit in daai houding reguit na die leeu toe."

"Hoekom so, pa?"

"Want leeu het nog nooit só 'n dier gesien nie: hy skrik, en dan geepad hy."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Die res van span is besig om hulle onkapabel te lag en ek kyk met nuwe bewondering na Lennon se nederige ou botteltjie."

Wat reeds gebeur het:

Die nuwe jagters kom in die Karoo aan en word byname gegee op voorkoms en gedrag. Daar is Spokesperson wat al die praatwerk doen, Suiker, omdat hy 'n diabeet is en half in 'n slaapkoma opgedaag het, Kuite met sy maer beentjies en Tuindwerg weens sy rooi neus en kort, dik lyfie. Kuite ontstel die gasvrou deur voor te stel sy moet suiker snuif om haar verkoue beter te laat proe. Suiker sit-lê steeds uitgepaas of dood in die bakkie as hulle jagkamp toe ry ná die aankoms.

Lees nou verder...

Teen kwart oor drie stop ek by die jagtershuis en beduie ons moet skietbaan toe. Net Suiker is gereed, want hy sit steeds vas aan die slaap of dood waar hy was en niks van hom is nog afgelaai nie. Die res skarrel en skrop eers vreeslik voor ons daar wegkom.

Kuite is eerste op die skiettafel en skiet met niks minder as 'n 300W nie. Hoe groot dink hy is 'n springbok, wonder ek, maar met sy lyfie lyk alles seker baie groter as vir normale mense.

Hulle pak sy geweer en homself met soveel sandsakke vas dat net die loop later uitsteek. Toe die skoot loop, lyk dit soos 'n ontploffing in 'n wolsak. Alles trek in alle rigtings en ek kyk of hy nie seergekry het nie, maar daar is geen teken van vrees op Kuite se gesig nie.

Nadat ons alles teruggedra het tafel toe maak hy reg vir die tweede skoot. 'n Presiese weergawe van die eerste skoot, behalwe dat Kuite nou hoofvoorsitter van die Halfmaanklub word. Hy bloei briekloos en probeer dit stop met sy sakdoek. Die ander gaan ongestoord voort om alles weer op die skiettafel terug te kry. Sy geweer is "in" het hy voor die tyd beduie, sit twee en 'n halwe duim hoog op 100 meter en toe die teiken aankom is dit presies so.

Die sakdoek wil egter nie die bloed stop nie en ek merk op sy bloed is waaragtig net-net dunner as huisparafien. En ek vermoed ek weet hoekom. Seker al die "soet verkoues" wat hy al moes trotseer. Toe weet ek sommer ek sal hom moet dokter en stuur vir Amos bakkie toe om die "mersyne" tas te loop haal.

Daar het ek net wat hy nou nodig het. Skaapsuite uit. Hy is hy eers steeks vir die behandeling, maar toe ek beduie hierdie staaldruppels sal sommer ook help dat daar nie 'n lelike letsel bly nie, gee hy maar in.

Ek maak hom sit op hulle 4x4 se staalbuffer met sy kop agteroor op die masjienkap. Ek beduie hy moet nou die sakdoek gebruik om sy oog toe te hou dat die staaldruppels nie daarin beland nie, en ek begin gooi. Ruimskoots en vryelik. Ons hier in die Karoo is mos bekend vir mededeelsaamheid.

Amos, wat ook al die behandeling gehad het, trek so 'n skewe gesig, druk sy oë en ore toe en staan 'n paar treë eenkant toe. Ek het net begin wonder of die staaldruppels dalk verslaan het toe daar lewe in Kuite kom. Hy vlieg op en skreeu dat die vlaktes antwoord gee. Hy skop die bakkie se voorwiel terwyl hy aanmekaar met albei vuiste op masjienkap slaan en aan die ysterbuffer ruk en pluk.

Hy gaan so aan dat ek weer op die botteltjie kyk net om seker te maak dit is net staaldruppels en nie iets anders nie. Met die afkyk na die bottel toe gebeur dit. Suiker kom met agterdeur en al uit daardie bakkie en daar trek hy. Waarheen, weet net hy. Ons is almal half uit die veld geslaan en uit pure verwardheid

skreeu ek vir Amos om hom te vang, want in sy toestand kan hy homself sleg seermaak. Toe loop daardie Suiker eers los. Amos kry hom die gevang nie, maar keer hom met so 'n lang draai terug na ons toe. Dit kos ons om hom fisies te stop om hom tot stilstand te bring.

Hy is so bleek soos die dood, sy asem jag verwoed en sy oë is heel verwilderd. Ons kalmeer hom so goed ons kan en Tuindwerg bring vir hom so 'n bruinerige kalmeermiddel wat hy met Coke en ys meng. Seker iets vir die suiker dink ek, maar toe Kuite ook een van die mengel-medisynes wegslaan is ek nie meer seker waarvoor dit moet help nie.

Ons maak Suiker sit en vra wat op aarde in hom gevaar het en hy begin verduidelik. Hy het glo gedroom hy was besig met die geveg by Bloedrivier. Die droom was so eg, beduie hy dat hy selfs die skote van die ander manskappe hier langs hom duidelik kon hoor.

Hier loop sy Bloedrivier toe ietwat anders. Die vyand breek deur en begin toe om die "ossewa" onder hom af te breek. Hulle skreeu en slaan en ruk so aan sy ossewa dat sy moed hom begewe en hy besluit om te hardloop. Vir 'n oomblik het hy gedink hy gaan wegkom, maar toe hy omkyk sien hy een van die vyand is besig om hom te voet in te haal. Is toe hy besef nou hardloop hy vir sy lewe. Die volgende wat hy weet is toe ons hom hier voorkeer.

Die res van span is besig om hulle onkapabel te lag en ek kyk met nuwe bewondering na Lennon se nederige ou botteltjie. Nie net het dit Kuite se bloed onmiddellik gestop nie, maar ook vir Suiker uit die dode opgewek. Ek moet nog hiervan kry.

Spokesperson wil weet wat op aarde ek op Kuite se oog gegooi het, maar toe hy wil weet waar hy daarvan kan aanskaf, dink Kuite nie hy is snaaks nie. Skielik staan Suiker op en beduie hy het 'n nood van weergalose proporsies en ons moet hom asseblief verskoon. Dit kon enige mens verstaan . . .

Slot volg in die volgende Laslappie-pos.

SYFERS OP BLADSY 2

Draai die syfers met hul gesigte na mekaar – dan is dit 'n Omega-teken, 8 en driehoek.

Soek iemand dalk dié boeke?

Die Hugo-Familieboek

deur Sy Edele G. F. de Vos Hugo, Q. C. Oud-regter -president van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika

In

Medewerking met wyle dr A. M. Hugo professor in klassieke tale aan die Universiteit van Kaapstad en Mnr J J Hugo, B. A. n boer van Cabrière Franshoek en lid van die Bestuur van die Hugenote Vereniging van Suid Afrika.

en

Jansenville Yesterday and Today.

Cronicles and Anecdotes of a Noorsveld town 1855-1955

By Sid Fourie 1956.

As iemand belang stel kan hulle my kontak:

corhiotto@gmail.com

GROETNIS TOT 6 AUGUSTUS!